

## Weglopers kry 'n tweede kans!

In Jona 3 word 'n ongelooflike waarheid verwoord wat met die Jona-man gebeur het. Dink só daaraan:

- Jona was die mens wat gedink het die Here sit nie sy kind agterna nie;
- Jona was van gedagte die Here haal jou nie in nie.

Na die vis-episode drup Jona nog van soutwater, is hy gehawend, maar nie haweloos nie. In vers 1 van Jona 3 lees jy: “Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom ...” 'n Tweede keer! Jona kry werklikwaar 'n tweede kans. Die Here verag hom nie. Hy jaag Jona nie weg nie, skreeu nie op hom nie, maar gee vir 'n tweede keer presies dieselfde opdrag soos in hoofstuk 1. En Jona se kop staan Nineve toe. God het hom gered en wéér geroep. En Jona se reis na Nineve is 'n wonder van God se onoorwinlike genade.

'n Tweede kans. God gebruik Jona, die wegloopkind in sy koninkryk. En die uitwerking van Jona se bediening is verstommend. Hy verkondig oordeel en die Nineviete wend hulle tot God (vs 9). En die Here is Nineve se mense genadig.

Die preek van Jona 3 ruk 'n mens tot stilstand. Jona kry 'n tweede kans en Nineve se mense ook. Nineve ... die simbool wat skeiding maak tussen ons en God. My eie hart. Is daar vir my 'n tweede kans? Ek, Ninevekind? Jona maak my oë oop dat ek vir Jesus raaksien. Die Vader se genade in Persoon wat my laat besef: Ek kry 'n tweede kans!

God se genade is grensloos. Ook vir my wat Nineve in my dra wat sy oordeel verdien. Maar my tweede kans is 'n werklikheid. Want ek hoor Jona oordeel preek, maar vir Jesus hoor ek sê: “Vader, vergeef hulle ...”

Om 'n tweede kans gegun te word, is net genade. Wat maak jy met jou tweede kans, die lewe wat Jesus vir jou aan die kruis verdien het?

Sing: Psalm 18:20 (1936)

Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)